



WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele Rede nr. 126

SOSIOLOGIE EN SOSIALE VERANDERINGE

Prof. P.H. Möller

Inougurele rede gehou op 18 Oktober 1991

Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
Potchefstroom
1991

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

© 1991

ISBN 1 86822 100 8

SOSIOLOGIE EN SOSIALE VERANDERINGE

1. INLEIDING

Sosiologie, die studie van die saamleef van mense en breinkind van die Verligtingstydperk — die eeu van rede —, het beslag in Frankryk tydens politieke veranderinge, revolusie, 'n post-revolusionêre tydperk, die aanvang van die Industriële Revolusie asook midde-in die konflik tussen wetenskap en godsdiens gekry. Tewens, die oogmerke wat Auguste Comte, die intellektuele vader van die Sosiologie, in 1838/39 met dié nuwe vakwetenskap gehad het, was onder andere:

- * Om die invloed van en gevolge wat dié omvangryke veranderinge op die saamleef van mense uitgeoefen het, te *verstaan*.
- * Om die herstrukturering van die destydse Franse samelewing — veral morele verval — deur middel van *evolusionêre veranderinge* te probeer *beheers*. Hiervoor het hy 'n sosiologiese utopie — 'n sosiokrasie — gevisualiseer wat die eindproduk van sodanige evolusie sou wees waar sosioloë as hoëpriesters van die samelewing sou optree en wat oor morele agteruitgang moes waak (vgl. Kinloch. 1977:71–72).

Bykans 'n eeu nadat Sosiologie in Frankryk beslag gekry het, is dié vakwetenskap vir die eerste keer in 1932 in Suid-Afrika ingestel. Die *rassevraagstuk* en *tussengroepverhoudinge-problematiek* asook die *armblankevraagstuk* was aanleidende stimuli vir die instelling van die Sosiologie alhier om ook daardeur 'n bydrae tot die verstaan en beheersing van dié probleme te lewer (vgl. Roode, 1969:14–15; Groenewald, 1989:71–75).

Die aandrang op, die aanvraag na, asook die instelling en ontwikkeling van Sosiologie vanaf 1932 in Suid-Afrika, het telkens ook die belofte ingehou dat dit veral die *rassevraagstuk* en *tussengroepverhoudinge-problematiek* sou help oplos. Hierdie belofte is egter slegs gedeeltelik gestand gedoen. Trouens, nie slegs met betrekking tot 'n bydrae tot die oplossing of verstaan van die *rassevraagstuk*, *tussengroepverhoudinge-problematiek* en *armoede* en *verarming* nie, maar ook met betrekking tot *herstrukturering*, *ontwikkeeling* en *verandering* het die Suid-Afrikaanse Sosiologie deurlopend 'n beperkte en selfs onopsigtelike rol gespeel (vgl. Groenewald, 1989:76).

Sosiale veranderinge dui op veranderinge en aanpassings wat in gevestigde sosiale strukture (reëlmatige wisselwerkingpatrone en rolorganisasies soos instellings), kulture en sosiale gedrag plaasvind en 'n invloed op die saamleef van mense uitoefen. Soos van ouds is dit ook vir die hedendaagse Sosiologie problematies om die snelle, massiewe en verrassende veranderinge ten volle te verstaan en te beheers wat nie net in Suid-Afrika nie maar in verskeie Derdewêreldlande, soos die USSR en Oos-Europa, plaasvind. Inteendeel, sosioloë het misluk om van die belangrikste veranderinge wat sedert die sestigerjare as gevolg van onder meer die *moderniseringsproses* aan die orde is, te voorspel of te verklaar, veranderinge soos *byvoorbeeld*:

1.1 *Die kulturele en politieke opheffing in Westerse ontwikkelde samelevings, veral as gevolg van veranderinge in die klassestruktuur van Noord-Amerika en Wes-Europa. Ekonomiese en tegnologiese veranderinge het twee middelklasse in dié ontwikkelde industriële samelevings tot stand laat kom:*

- * *Die ou middelklas (bourgeoisie) wat in die sakegemeenskap en ou professies gesentreer is, en 'n nuwe middelklas wat in die kennisindustrie werksaam is. Die gevestigde belange van dié twee klasse is verskillend en verklaar hulle politieke en kultuurverskille (Berger, 1991:74).*

Ideologiese bevangenheid, 'n monolitiese visie op gebeure en 'n onkritiese aanvaarding van 'n Marxistiese stratifikasieteorie het sosioloë verhoed om dié veranderinge te voorspel of te verklaar (vgl. Berger, 1991:74).

1.2 *Die ekonomiese opgang van Japan en die nuwe Oos-Asiatiese industriële lande soos Korea en die Republiek van Sjina sedert veral die sestigerjare, was 'n ekonomiese wonderwerk — die eerste geval van suksesvolle modernisering in 'n nie-Westerse kulturele konteks. Dié veranderinge was teen die verwagtinge in en bewys Max Weber se idees oor die kulture van Asië as onjuis (Berger, 1991:74). Nòg die Marxiste met hulle afhanklikheidsteorie en die veronderstelling dat kapitalisme onderontwikkeling in stand hou, nòg die funksionaliste met hulle moderniseringsteorie wat op ontwikkelde lande gemik is, kon dié ekonomiese veranderinge voorspel of verklaar. Geeneen het verwag dat sodanige ekonomiese wonderwerke ná die Tweede Wêreldoorlog in Japan en sekere Oos-Asiatiese industriële lande sou gebeur nie (Berger, 1991:74).*

1.3 *Die ineenstorting van Kommunistiese regimes* in die USSR en Oos-Europa was heeltemal onverwags. 'n Franse demograaf, Emmanuel Todd, het egter 10 jaar gelede in sy boek *The final collapse* die val van die USSR voorspel (Berger, 1991:76). Hannah Arendt se teorie oor totalitarisme veronderstel dat dit onmoontlik is om 'n totalitêre regime, soos in die USSR en Oos-Europese lande, omver te werp juis as gevolg van gevestigde sosiale beheersisteme. Met die onlangse gebeure in die USSR en Oos-Europa is Arendt se teorie as onjuis bewys. Sodra afdwingende magsuitoefening — om sisteme en ideologieë deur middel van die veiligheidsmagte in stand te hou — verwyder word, stort sodanige sisteme en ideologieë in duie (Berger, 1991:76). Die bevotking se wil tot en behoeftes aan veranderinge onder outoritêre diktatoriale regimes, beklemtoon die feit dat die inwoners van 'n land medeverantwoordelik vir die strukturering en herstrukturering van hulle sosiale leefwêreld is en dat dít nie slegs deur sosiale beheersisteme afdwinging kan word nie.

Sosiale veranderinge word slegs op 'n beperkte skaal deur die *teorieë* en *idees* — die *soekligte* — van sosioloë verreken, want die mens — kroon van die skepping — laat hom/haar nie deur die idees en teorieë van 'n vakwetenskap inperk nie. Die saamleef van mense en gepaardgaande veranderinge is baie ingewikkelder as wat sosiaalvakwetenskaplikes met hulle idees dit op makro- en mikrovlak deur beskrywing en verklarings probeer verstaan en beheers. Deur hulle idees en gebruikmaking van verskeie teorieë en perspektiewe, poog ook Christensosioloë om uiting aan die goddelike kultuuropdrag te gee, naamlik om die skepping te onderwerp en te beheers. Om dít te kan doen, moet die skepping geken en verstaan word. Die sosioloog se taak en mikpunt is om die saamleef van mense, sosiale verskynsels, soos byvoorbeeld sosiale verandering, te ken, te verstaan, te verklaar en te beheers om daardeur in diens van God en mens te staan. Om dié doelwitte te bereik word verskeie makro- en mikrososiologiese perspektiewe en teorieë ingespan.

2. SOSIALE VERANDERINGE IN DIE SUID-AFRIKAANSE SAMELEWING

Die vestiging van 'n blanke Europese etniese groep in 1652 en die latere migrasie van ander Europeërs het makro- en mikroveranderinge in sosiale strukture, kultuurpatrone en sosiale gedrag in Suid-Afrika teweeggebring. Die voortdurende kontak met ander kultuurgemeen-

skappe en die ervaringe van die kolonialisering van Derdewêreldlande het alternatiewe leefwyses tot gevolg gehad wat die saamleef van mense beïnvloed het. Meer nog, dieselfde veranderinge wat in *welvarende* Europa as gevolg van *industrialisering* en gepaardgaande *modernisering*, *spesialisering*, *burokratisering*, *sentralisering*, *verstedeliking* en *demokratisering* plaasgevind het, word in die hedendaagse *verarmde* Suid-Afrikaanse samelewing aangetref, met dié verskil dat veranderinge daar oor verskeie geslagte en onder geheel ander omstandighede plaasgevind het, terwyl dit hier onder andersoortige omstandighede en oor 'n baie korter tydperk geskied. Die vraag is: *Hoe verstaan en beheers sosioloë sosiale verandering?* Om dié vraag te beantwoord, word twee makro- en een mikrososiologiese perspektief aangewend.

2.1 Makrososiologiese veranderingperspektief

2.1.1 Sosiale veranderinge vanuit 'n funksionalistiese perspektief

Vanuit 'n funksionalistiese perspektief kan veronderstel word dat die Suid-Afrikaanse samelewing uit onafhanklike (kringsoewereine) asook interafhanklike (kringuniversele) dele bestaan waarvan elke deel tot stabiliteit en ewewig bydra, omdat dit bepaalde funksies vervul en behoeftes bevredig. Kultuurpatrone, veral universeel gedeelde waarde- en normoriëntasies, dra tot *interafhanklikheid* by, omdat 'n morele verbintenis daarteenoor gehandhaaf word. Daarom is samewerking, eenheid, stabiliteit, ewewig en ordelikheid in die saamleef van mense moontlik ten spyte van veranderinge. Veranderinge wat as gevolg van *spanning* soos byvoorbeeld buitelandse druk of interne aanpassings plaasvind, is vanuit dié hoekpunt beskou, funksioneel, omdat dit nie sosiale ewewig versteur nie, maar slegs *wysig*, waarna nuwe ewewig, eenheid, stabiliteit en orde ontstaan.

Evolusionêre sosiale veranderinge wat veral op grond van ekonomiese en tegnologiese ontwikkelinge plaasgevind het en steeds aan die orde is, is histories-vergelykend waarneembaar in Suid-Afrika. Breedweg word *veronderstel* dat veranderinge wat in *sosiale strukture*, *kultuurpatrone* en *sosiale gedrag* voorkom en voorgekom het, tot *hoër ontwikkelings- en beskawingsvlakke* lei, *byvoorbeeld*: veranderinge van die primitiewe na die moderne (Durkheim); van meganiese na organiese solidariteit (Durkheim); van 'n landelike na 'n stedelike samelewing (Redfield, Tönnies); van irrasioneel en rasideel (Tiryakian); van statusverhoudinge tot kontraktuele verhoudinge (Maine); van poligame na monogame

huweliksvorme (Westermarck); van ongedifferensieerdheid (gesin vervul verskeie funksies) na gedifferensieerdheid (verskillende instellings vervul verskillende funksies) (Parsons). *Aanpassing by die omgewing word as dié belangrikste meganisme beskou wat tot evolusionêre veranderinge gelei het en steeds moet lei.*

Die *veronderstelling* dat evolusionêre veranderinge in sosiale strukture, kultuurpatrone en sosiale gedrag tot *hoër ontwikkelings- en beskawingsvlakke* in Suid-Afrika lei en gelei het, verskaf egter 'n regverdiging vir Eerstewêreldoorheersing van Derdewêreldgroepe. Hiervolgens word Derdewêreldkulture, sosiale strukture en sosiale gedrag aan die hand van Eerstewêreldkriteria geëvalueer en as ondergeskik beskou. Die Nederlanders, byvoorbeeld, wat in 1652 na die Kaap gekom het, was Wes-Europese Christene en verteenwoordigers van 'n *bepaalde tydsgees* met 'n *partikuliere waardesisteem en lewensbeskouing*. Die neiging het gedurende daardie tyd ontstaan en bestaan om *Christen met blanke* en *heiden met nie-blanke* in verband te bring. Gaandeweg het ook die begrippe *beskawing* en *ontwikkeling* sinoniem met *blanke*, en *onbeskaafdheid* en *onderontwikkeling* met *nie-blanke* geword. Boonop het op grond van voorafgaande ook 'n *bepaalde sosiale stratifikasieselsel* van *bowe- en ondergeskiktheid* gevestig geraak (vgl. Strauss, 1967:75–76; Roode & Viljoen, 1974:152).

Met 'n funksionalistiese perspektief kan ook *veronderstel* word dat spesifieke sosiale fases onderliggend aan evolusionêre veranderinge in Suid-Afrika was en is, 'n algemene ontwikkelingspatroon vertoon en in 'n spesifieke orde voorkom, *byvoorbeeld*: kontak, kompetisie, konflik, akkommodasie (Park); aanpassende opgradering (doeltreffendheid, produktiwiteit as gevolg van spesialisering en tegnologiese ontwikkeling), differensiasie (gespesialiseerde rolle en groepe), insluiting (om saamleef demokraties te organiseer, byvoorbeeld deur stemreg en te verhoed dat differensiasie tot fragmentasie lei), waardeveralgemening (van toepassing op alle groepe) (Parsons); 'n spekulatiewe (teologiese), abstrakte (metafisiese), wetenskaplike (positiewe) fase (Comte); tradisionele samelewing, voorvereistes vir veranderinge (byvoorbeeld wetenskap en tegnologie), 'n wegspringfase, drang na volwasseheid, massaverbruik (Rostow); strukturele bevorderlikheid, strukturele spanning, veralgemeende opvatting, snellerfaktore, mobilisering tot handeling, sosiale beheermaatreëls (Smelser).

Die etno- en Eurosentryse oortuiging dat *kultuurpatrone, sosiale*

strukture en *sosiale gedrag* ook in die Suid-Afrikaanse samelewing evolusionêr na 'n Westerse beskawing verander, verskaf 'n *ideologie* wat die ekonomiese en politieke belange van kolonialisme, imperialisme en neokolonialisme regverdig, sonder om ook Afrosentriese oortuigings in ag te neem.

Getrou aan sy ontstaansgeskiedenis — dat die Sosiologie 'n breinkind van die Verligtingstydperk is — huldig sommige sosioloë, soos die Verligtingdenkers, ook die beskouing dat evolusionêre veranderinge wat deur middel van onder meer industrialisering en gepaardgaande modernisering, spesialisering, burokratisering, sentralisering, verstedeliking en demokratisering teweeggebring word, *etniese bewustheid* deur middel van universeel gedeelde waarde- en normoriëntasies laat afneem — dus die vervanging van die *partikuliere* deur die *universele* (vgl. Van Doorn, 1985:80–82). Dié universalistiese kultuurbeskouing is op algemeen geldende *bewegingswette* gebaseer en veronderstel dat die mensheid in 'n groot evolusionêre ontwikkelingsproses betrokke is. Sodanige ontwikkelings- en beskawingsproses is dus nie kultuurgebonde nie, en elke kultuurgemeenskap deurloop dieselfde ontwikkelingsstadia en -fases. Tipies van die universalisme is om die partikuliere (eie) in die lig van algemeen geldende waardes, norme, ideologieë en betekenishegting aan simbole te beskou.

Sentraal in *Kontraverligtingdenke* staan dat *kultuur* 'n unieke en *partikuliere* uitdrukkingwyse is, want *partikularistiese* en nié *universele waardes* nie is dominant. Die strewe na onafhanklikheid van Kroasië in Joego-Slawië asook die herlewing van die Balkanstate in die USSR, om slegs twee voorbeelde te noem, beklemtoon juis partikularisme: die partikuliere word nié deur die universele opgehef nie. Waarheidsgetroue uitsprake oor die saamleef van mense en gepaardgaande sosiale veranderinge kan dus nié slegs in universele terme geformuleer word nie, maar dit moet ook die *uniekheid* van verskillende kultuurgemeenskappe wat in dieselfde geografiese gebied woon, in ag neem.

Modernisering, wat dikwels as funksionele verandering beskou word, dui op 'n ekonomiese en sosiale veranderingsproses wat deur industrialisering teweeggebring word ten einde tot 'n universele verhoging van lewenstandaard (veral die vermindering en selfs uitkakeling van bestaansarmoede) en funksioneringsdoeltreffendheid 'n bydrae te lewer. Verantwoordelikeaanvaarding en -besef is kernbegrippe by modernisering, omdat rekenskap van bestuur, doeltreffendheid en

produktiwiteit geëis word. Indien modernisering egter suksesvol in Suid-Afrika deurgevoer wil word, moet verskeie *moderniseringsdrumpels* (vgl. Kammeyer & Ginn, 1986:254; Stark, 1987:474), dus waarde- en norm-oriëntasies, in Derdewêreldgemeenskappe oorkom word, soos byvoorbeeld: die ekonomiese waarde wat hoë kindertalle het, moet verander; die status van die vrou moet verhoog; ten minste 70% volwassenes moet geletterd en die per kapita Bruto Nasionale Produk minstens R1000,00 wees. In veral Derdewêreldgemeenskappe word modernisering egter nie noodwendig altyd as funksioneel aanvaar nie. As gevolg van partikuliere, unieke sosiale strukture, kultuurpatrone en sosiale gedragsvorme, is *demodernisering* en *kontramodernisering* (Berger in Lyon, 1980:674) gelyktydig ook aan die orde, omdat modernisering vir diesulkes *disfunksioneel* en *nonfunksioneel* is. Ook in dié opsig hef *universele* veranderinge, soos deur middel van modernisering, nie noodwendig alle *partikuliere* belange op nie.

Modernisering met gepaardgaande verstedeliking wat in Suid-Afrika as gevolg van die Industriële Revolusie met die ontdekking van diamante en goud nagenoeg 120 jaar gelede 'n aanvang geneem het, het tot van die belangwekkendste sosiale veranderinge gelei wat nog hier te lande asook wêreldwyd beleef is, omdat dit tot die *herorganisering* van *alle aspekte van die lewe*, ook *menslike bewussyn* (dus waardes, oortuigings, moraliteit, godsdiens) bydra (vgl. Berger & Godsell, 1988:287). Skematies word dié veranderinge wat ook in die Suid-Afrikaanse samelewing as gevolg van *modernisering* voorkom, ideëeltipes in Figuur 1 aangetoon:

FIGUUR 1: IDEËELTIPIESE VERSKILLE TUSSEN PREMODERNE EN MODERNE GEMEENSAPPE IN SUID-AFRIKA

	PREMODERNISERING	MODERNISERING
PERSOONSTIPES	Tradisie- en na binne gerig; fillistyns (nuwighele en veranderinge taboe, moeilik beïnvloedbaar); ongeletterd.	Na ander gerig, blymoedige robotte; boheems (maklik beïnvloedbaar); skeppende mens (geneig tot verandering); burokraat (ritualis); indrukbestuur om aanvaar te word en manipulering van andere is oogmerk; halfgeskoold, geletterd.

	PREMODERNISERING	MODERNISERING
BEVOLKING	Hoë aantal geboortes en sterftes. Kindertal hoë ekonomiese waarde.	Geboortes en sterftes neem af. Kindertal geen ekonomiese waarde.
SOSIALISERING	Nabootsing binne neergelegde sosiale orde.	Portuurgroepstandaarde word veral nagevolg.
KULTUUR	Homogeen: waardes en norme is tradisie- en godsdienstig georiënteerd. Partikuliere gedragstandaarde. Weinig sub- en kontrakulture. Geen kultuurskok word ervaar.	Heterogeen: waardes en norme is toekoms- en sekulêr georiënteerd. Sub- en kontrakulture algemeen. Kultuurskok algemeen (wanneer <i>ja nee</i> beteken, <i>reg verkeerd</i> is en <i>verkeerd reg</i>).
WISSELWERKING	Vrywillige samewerking, min kompetisie. Van-aangesig-tot-aangesig-kommunikasie. Homogene akkommodasievorme. Konsensus deur middel van konflik en onderhandelinge.	Vrywillige en gedwonge samewerking, baie kompetisie en konflik. Kommunikasie is van-aangesig-tot-aangesig maar ook deur middel van massakommunikasiemedia. Heterogene akkommodasievorme (amalgamasie, assimilasie, strukturele ongelykheid, hervestiging, pluralisme). Konsensus deur middel van dwang en onderhandeling.
VERHOUDINGE	Statusverhoudinge, vertrouensverhouding, familialisties, ideasioneel; emosionele (subjektiewe) betrokkenheid; kollektief georiënteerd (groeppesentreerd); verspreide rolverhoudinge. Gevoel van <i>behoort aan</i> .	Kontrakteel, idealisties, agterdog, verdagmakery, vooroordeel en diskriminasie algemeen; neutraal-emosionele (objektiewe) betrokkenheid; selfgeoriënteerd (egosentries); spesifieke rolverhoudinge. Gevoel van <i>vervreemding</i> .
ROLSTATUSSE	Toegeskrewe met beperkte rol- en statusverskeidenheid.	Merendeels verwerf met rol- en statusverskeidenhede. Status van vrou verander deur beroepsdeelname.
STRATIFIKASIE	Toegeskrewe volgens ras, kaste met beperkte mobiliteit. Geen middelklas.	Verwerf volgens klasse (beroep), status (prestige), politieke mag (politieke partye), toename in mobiliteit. Totstandkoming van middelklas(se).

	PREMODERNISERING	MODERNISERING
SOSIALE GROEPE	Grotendeels toegeskrewe (geslag, ouderdom), primêre groepe veral verwantskapsnetwerk.	Sommige toegeskrewe, meeste verwerf (volgens onderwyspeil, woonbuurt godsdienslidmaatskap), verskeie sekondêre groepe wat funksies van primêre groepe oorneem.
ORGANISASIES	Informeel. Geen vrywilligerorganisasies.	Formeel-burokratiese en kontraktueel gestruktureerd: nasionale en multinasionale korporasies word ekonomiese magsentra en beïnvloed politiek; staatsdepartemente, universiteite, skole, vakbonde. Neiging tot 'n adhocrasie (projekspanne, taakmagte, <i>ad hoc</i> -komitees en subkomitees, kommissies van ondersoek wat ontbind nadat opdrag voltooi is). Verskeidenheid vrywilligerorganisasies (klubs, verenigings).
INSTELLINGS	Bepaalde rolorganisasie en -differensiasie wat verwantskapsstelsel gesentreerd is (uitgebreide gesinstipe), poligame huweliksvorm, met arbeidsverdeling op grond van geslag en ouderdom. Geen ooraanbod van arbeid. Tradisionele godsdiens. Rolkonflik beperk.	Verskeidenheid gespesialiseerde rolorganisasies en arbeidsverdeling (roldifferensiasie) ongeag geslag of ouderdom: ekonomie (werkvervreemding, suksesnastrewing, ooraanbod van arbeid), politiek (reguleer sosiale en ekonomiese lewe), godsdiensverskeidenheid, monogame kerngesin, onderwys/opvoeding (beroepsgerig), militêr, juridies, landbou, vryetydsbesteding, gesondheidsorg, wetenskap, kunste, massamedia. Rolkonflik algemeen.

	PREMODERNISERING	MODERNISERING
GESAGSUIT-OEFENING, SOSIALE BEHEER	Tradisioneel (koning, kaptein), ekspressief, outokraties, geen legitimeitskrisis, onderdanig aan gesagstrukture. Op spontane gemeenskapsanksionering word gesteun. Terugvoering: inligting hiërargies af- en opwaarts beheer. Angs en skuld word ervaar indien nonkonformeer.	Rasioneel-wetlik (burokrasie), instrumenteel, outokraties, demokraties, legitimeitskrisis, opstandig teenoor gesagstrukture; manipulering en op weer-mag, polisie, wette en howe word gesteun. Gemeenskap-sanksionering kwyn. Terugvoering: inligting hiërargies af- en opwaarts beheer. Skaamte word ervaar en bang vir isolasie indien nonkonformeer.
TEGNOLOGIE	Primitief, gebaseer op mens- en dierkrag.	Gevorderd, gebaseer op masjinerie, energie in vorm van elektrisiteit en kernkrag; gerekenariseerd; radar; ruimtetuie.
EKOLOGIE	Ekosisteem bly grotendeels behoue, beperkte besoedeling.	Ekosisteem word versteur, omvangryke besoedeling.
SOSIALE VER-ANDERINGE	Stadig en partikulier.	Snel en universeel omdat nuwe probleme en vraagstukke voortdurend opduik en opgelos moet word.

Sosiale veranderinge is nie slegs die gevolg van evolusie en is nie n  funksioneel nie, maar kan ook vanuit 'n konfliktperspektief verstaan en beheers word.

2.1.2 Sosiale veranderinge vanuit 'n konfliktperspektief

Vanuit 'n konfliktperspektief kan veronderstel word dat onafhanklike (kringsoewereine) asook interafhanklike (kringuniversele) belangegroepes en belangegroepbewustheid ten grondslag van die saamleef van mense in Suid-Afrika lê en dat verskillende grade van assosiasie en dissosiasie voorkom: belangegroepes soos asook belangebewustheid met betrekking tot klasse (Marx, Mills, Galtung), gesagsverhoudings (Dahrendorf),

rasse (Gumplowicz), etniese groepe (Ortega y Gasset), generasies (Ortega y Gasset), statusgroepe (Weber, Blau & Schwartz) en dat dié belangegroepe voortdurend om skaars middele soos *mag, prestige, rykdom, besittings, werk*, ensovoort meeding.

Verder kan *veronderstel* word dat kompetisie om skaars middele tot dwang en dominerings lei, en daarom is *ongelykhede, konflik, geweld, stakings*, asook *veranderinge* alomteenwoordig in die Suid-Afrikaanse samelewing. *Interafhanklikheid* geskied dus op grond van dwang of dwangmatige dreigemente en die beheer van skaars middele. Nie algemeen universeel gedeelde waardes en norme nie, maar dwang (gedwonge samewerking) of dwangmatige dreigemente tesame met manipulasie, dominerings, konflik, geweld, stakings en veranderinge maak dus saamleef in Suid-Afrika vanuit 'n konflikperspektief moontlik. In dié verband is konflik dan ook funksioneel, omdat dit stagnasie teenwerk en 'n bydrae tot onder meer gesag- en magstruktuurveranderinge lewer.

Met sodanige perspektief blyk dit dat die kontak en wisselwerking met ontwikkelde (Eerstewêreld) en onderontwikkelde groepe (Derdewêreld) nie altyd só voorspoedig verloop soos met *modernisering* veronderstel word nie. Trouens, onderontwikkeling dui nie noodwendig op 'n gebrek aan ontwikkeling nie, maar op 'n *veranderingsproses* waarvolgens geïndustrialiseerde kapitalistiese kerngemeenskappe en groepe hulle ten koste van ongeïndustrialiseerde periferie- en semi-periferie-gemeenskappe en groepe verryk en ongelykhede daardeur vergroot. Terselfdertyd word die ontwikkelingspotensiaal van ongeïndustrialiseerde gemeenskappe en groepe onderontwikkel deurdat hulle afhanklik van geïndustrialiseerde lande gehou word. Dié afhanklikheid genereer *spanning* en selfs *konflik*, omdat die hoofmotief wins en super-uitbuiting is (vgl. Frank in Harris, 1989:35–61). As gevolg hiervan word veronderstel dat imperialisme en neo-kolonialisme steeds hoogty vier. *Omdat dít plaasvind, is ongelykhede, onregverdighede en onsekerhede ook meganismes wat tot sosiale veranderinge aanleiding gee.*

Vanuit voorafgaande twee makrososiologiese perspektiewe word sosiale veranderinge vanuit 'n *struktuurhoek* verstaan en beheers. Sosioloë verstaan en beheers sosiale verandering ook vanuit 'n *mensgeoriënteerde perspektief* wat vervolgens aan die orde kom.

2.2 Mikrososiologiese veranderingperspektief

2.2.1 Sosiale veranderinge vanuit 'n interaksionistiese perspektief

Met 'n interaksionistiese perspektief kan veronderstel word dat die saamleef van mense in Suid-Afrika as gevolg van individuele, onafhanklike (kringsoewereine) asook interafhanklike (kringuniversele) en interverbandhoudende individuele definisies en interpretasies van die sosiale realiteit moontlik is. Interafhanklikheid is die gevolg van die gedeelde betekenis wat aan simbole geheg word en waarvolgens individue oor hulle posisies kan onderhandel sodat dit in 'n georganiseerde geheel inpas. Ook is dit die gevolg van die feit dat mense van mekaar vir materiële en nie-materiële belonings afhanklik is. In dié ruilverhouding word individue gemotiveer om belonings aan ander te gee, omdat hulle ook belonings terug verwag (vgl. Johnson, 1981:510).

Omdat die sosiale realiteit ook op subjektiewe definisies berus wat deur middel van wisselwerking gevorm en in stand gehou word, is dit wisselvallig. Verskillende daaglikse rituele dra egter tot die versterking van gedeelde definisies van situasies, identiteitbewustheid en emosionele gebondenheid by, soos byvoorbeeld taktvolle en beleefdheidsgedrag (Goffman in Johnson, 1981:492). Trouens, saamleef berus ook op *emosionele solidariteit* tussen mense wat deur ervaringe en rituele versterk word.

Aangesien interpretasies en herinterpretasies asook definisies en herdefinisies van die sosiale realiteit deur middel van *taal* en *simbole* tydens *wisselwerking* en *terugvoering* gevorm word, dui veranderinge nie op die vervanging van een struktuur deur 'n ander aan die hand van *evolusie* (funksionalisme) of *revolusie* (konflik) nie. *Dit dui op die interpretasie en herinterpretasie, definiëring en herdefiniëring van situasies en simbole wat dié belangrikste veranderingsmeganismes is.* In dié opsig is die mens medeverantwoordelik vir die herstrukturering van die sosiale leefwêreld, vir orde en veranderinge deur *kreatiewe deelname* daaraan en *aanpassing* daarby. 'n Bron van konflik is egter die gevolg van pogings wat belangegroepe aanwend om andere se partikuliere interpretasies en herinterpreterings, definisies en herdefiniërings van situasies te beïnvloed en te beheer.

Makrogebeure soos revolusies, staatsgrepe, buitelandse druk, ekonomiese katastrofes, stakings, boikotte, sanksies, politieke

onstabiliteit, verstedeliking, 'n swak onderwysstelsel en natuurrampe kan dus 'n individu, soos 'n leier, of 'n groep se siening(e) van die saamleef van mense sodanig verander dat dit tot 'n herinterpretasie en herdefiniëring daarvan kan lei. Die gevolge van 'n universele en partikuliere herinterpretasie en herdefinisie van die saamleef van mense kan 'n nuwe sosiale realiteit tot stand bring, soos tans in die USSR, Joego-Slawië en Oos-Europese lande asook Suid-Afrika ervaar word. Sosiale strukture, kulture en sosiale gedragspatrone word nie noodwendig hierdeur vervang nie, maar hulle ondergaan 'n *inhoudrevolusie*.

Die saamleef van mense en sosiale veranderinge wat daagliks aan die orde is, sluit 'n verskeidenheid makro- en mikrohandelingsvlakke in, naamlik *waardes*, *norme*, *sosiale strukture* en *situasiefasiliteite* (Rip, 1976:2–7; Rip, 1977:47–53). Indien veronderstel word dat dié handelingsvlakke in 'n *hiërargiese verhouding* ten opsigte van mekaar staan, lei veranderinge in *waardes* (oortuigings oor wat as wenslik, reg en fatsoenlik beskou word) tot veranderinge in *norme* (voorskrifte vir handeling of gedragsreëls waaraan gekonformeer of waarvan afgewyk kan word). Veranderinge in *norme* gee aanleiding tot *sosiale struktuurveranderinge* (reëlmatige wisselwerkingpatrone en rolorganisasies wat behoeftes bevredig en funksies vervul soos instellings), en laasgenoemde lei tot veranderinge in *situasiefasiliteite* (midlele wat die bereiking van doelstellings vergemaklik of verhinder). 'n Verandering op *waardevlak* impliseer dus dat die verandering na die laer handelingsvlakke sal afwerk. 'n Verandering op een vlak sal altyd 'n uitwerking laer af hê, maar nie noodwendig boontoe nie, want groter weerstand teen verandering word by die hoër as laer vlakke gevind (vgl. Rip, 1977:48).

Die primêre oogmerk met veranderinge op makro- en mikrohandelingsvlakke is dat dit tot voordeel van alle mense moet geskied, tot 'n verhoogde *lewenstandaard* van almal moet bydra en dat van *dehumanisering* wegbeweeg moet word.

Moontlik word té veel aandag in Suid-Afrika aan sosiale veranderinge op die *fasiliteitsvlak* bestee wat korttermyn doelwitte inhou. Alhoewel basiese behoeftes op fasiliteitsvlak bevredig moet word, kan nie net op dié vlak gekonsentreer word nie. Om die geboortesyfer byvoorbeeld te laat afneem moet *waardes* en *norme* eweneens verander, want *fasiliteite* soos gesondheidsorg sal die geboortesyfer nie noodwendig laat afneem nie, omdat geboortes met *fertiliteitswaardes* en *-norme* verband hou. Die aanvaarding van nuwe *idees* moet verenigbaar met 'n bestaande kultuur/

kulture wees — dus met waardes, norme, ideologieë en die betekenishegting aan simbole. Hoe minder verenigbaar, hoe langer sal dit neem om in sosiale strukture geïstitutionaliseer en in sosiale gedrag geïnternaliseer te word.

Juis as gevolg van kultuurverskeidenhede in Suid-Afrika word unieke, *partikuliere* en dikwels verskillende en selfs teenstrydige definisies en interpretasies van die sosiale realiteit gegee, omdat ook verskillende betekenis aan simbole geheg word. Geen harmonieuse saamleef en konflikvrye veranderinge is egter moontlik indien konsensus nie oor die interpretasie en beantwoording van minstens die volgende vrae (vgl. Coetzee, 1989a:100) bestaan nie, want daarvolgens sal 'n nuwe Suid-Afrikaanse realiteit gedefinieer kan word:

- * *Waarom verander?*
- * *Wat moet verander?*
- * *Wie moet veranderinge teweegbring?*
- * *Vir wie geld veranderinge?*
- * *Op watter wyse moet veranderinge plaasvind?*

Soos uit voorafgaande makro- en mikro-ontledings met betrekking tot sosiale veranderinge blyk, is onder meer *onafhanklikheid (kringsoewereiniteit)*, *interafhanklikheid (kringuniversaliteit)*, *aanpassing*, *konflik*, *dwang*, *kompetisie*, *dominerings*, *ongelykhede*, *onregverdigheede*, die *partikuliere* en die *universele* asook die *herdefiniëring van situasies* en *simbole meganismes wat tot sosiale veranderinge aanleiding gee*. 'n Aanvaarding en akkommodering van partikuliere maar ook van universele waardes, norme, ideologieë en die betekenishegting aan simbole, van partikuliere en universele interpretasies en herinterpretasies van situasies en simbole asook konflikhantering kan die aangewesenheid van groepe op mekaar ten spyte van sosiale veranderinge verstewig.

Ongeag vanuit watter hoek sosiale veranderinge belig word en die invloed wat dié veranderinge op sosiale strukture, kulture en sosiale gedrag uitoefen, word die *goeie*, *beter* en *utopiese* saamleef van mense altyd ook voor oë gehou. *Comte* het 'n *sosioekrasie* geantisipeer waar sosioloë as hoëpriesters oor morele agteruitgang moes waak. *Marx* het 'n *klaslose* en *konflikvrye* samelewing gevisualiseer wat ná onderdrukking en uitbuiting tot stand sal kom. *Bell* verwag 'n rooskleurige *konflikvrye* toekoms, omdat *ideologieë* sal verdwyn. *Mills* voorsien 'n *fatsoenlik ontwikkelde samelewing* waar *keusevryheid* bestaan en geeneen deur

'n stryd om *minimum lewenstandaarde* gedomineer sal word nie. Die *Christen* verwag die nuwe stad Jerusalem wat eers met die tweede koms van Jesus tot stand sal kom. Dán eers sal mense absoluut klas- en ideologiesloos, konflikvry en fatsoenlik saamleef. Nie sosioloë nie, maar Christus self sal dié Hoëpriester wees.

3. SOSIOLOGIE: 'N TOEKOMSVISIE AAN DIE PU VIR CHO

Minstens vier *gemeenskaplike opdragte* geld grotendeels wêreldwyd vir elke sosioloog, waarvan sommige op die daarstelling van 'n goeie en beter saamleef van mense gerig is:

- * Om die saamleef van mense, asook 'n verskynsel soos sosiale verandering, vanuit 'n verskeidenheid sosiologies-teoretiese benaderings, modelle, teorieë en navorsingsmetodes te ontleed, te beskryf, te verstaan, te verklaar en te beheers. Hiervoor is 'n *akademiker-sosioloogrol* (Roode, 1969:28) 'n vereiste, naamlik 'n beklemtoning van *insig* eerder as *feitekennis*; van *interpretasie*, *sintese* en *beskikbaarstelling* van *nuwe kennis* eerder as die klakkelose napraat en oordrag van andere se kennis.
- * Om met *idees* en *teorieë* 'n bydrae tot *samelewingstrukturering* en *herstrukturering* te lewer ten einde die saamleef van mense beter, leefbaarder en gelukkiger te maak. 'n Bydrae tot die verhoging van die lewensgehalte, ook met betrekking tot die geloofslewe van alle mense, is in dié opdrag vervat.
- * Om vanuit 'n verskeidenheid sosiologies-teoretiese benaderings, modelle, teorieë en navorsingsmetodes *introspektiewe kritiek* — dus op die Sosiologie self — asook *kritiek* op *sosiale strukture*, *kultuurpatrone* en *sosiale gedrag* te lewer indien dit die saamleef van mense benadeel en lewensgehalte verlaag. Hiervolgens word 'n appèl op die *sosiale gewete* van die sosioloog gemaak.
- * Om nooit agter die dekmantel van *waardevryheid* of *te-besig-wees-met ...* te skuil nie, want daardeur word wetenskaplike verantwoordelikheid gerieflikheidshalwe ontduik (De Kock, 1989:109).

Voorafgaande opdragte kan minstens gedeeltelik ten uitvoer gebring word as, tesame met ander navorsingsmetodes, ook 'n *ja, maar* (vgl. Carlson, 1980:128) en 'n *hermeneutiese (interpretatiewe) benadering* (vgl. Coetzee, 1989b:16–17) gevolg word:

- * Met 'n *ja, maar-benadering* kan die element van waarheid of foutiwiteit in sosiologiese idees, argumentasie, verklarings en veralgemenings erken en dikwels selfs ondervang word deur alle moontlike alternatiewe in berekening te bring. *Ja, maar ...*, is veranderinge slegs funksioneel en saamleef net op waardekonsensus gebaseer?
- * Met 'n *hermeneutiese benadering* word gepoog om die *betekenis* wat byvoorbeeld veranderinge in sosiale strukture, kultuur en sosiale gedrag vir mense het, te verstaan deur jouself in hulle posisie in te dink en vanuit sodanige posisie dit te beleef. 'n Herstrukturering van hulle realiteitsbeleding en idee(s) oor sosiale verandering en die saamleef van mense word dus gegee. Hiervolgens word 'n dialoog tussen *vraag* en *antwoord*, tussen *sosioloog* en *situasie*, gevoer.

Met 'n *hermeneutiese en ja, maar-benadering* word *deelname* van sosioloë vereis. Deelname vind plaas sodra 'n gemeenskapsbewussyn vir samelewingorde en 'n gemeenskapsgerigtheid met betrekking tot die doelbewuste verbetering van lewensgehalte (ook met betrekking tot die geloofslewe), die leefbaarmaking van saamleef, kritieklewing op sosiale strukture, kultuurpatrone en sosiale gedrag asook die verrekening van alle moontlike alternatiewe aan die orde is. Juis hierin kan ook die sosioloog met sy/haar *teorieë* en *idees*, tesame met ander sosiaal-wetenskaplikes, leiding rakende 'n gemeenskap, streek en samelewing gee.

Ek sluit af met 'n toepaslike opmerking deur Van Riesen (1957:358) wat hy reeds in 1957 gemaak het en wat ook van belang vir sosioloë aan die PU vir CHO is. *In hierdie moeilike tyd benodig ons veral 'n goeie insig in ons situasie, 'n vaste en besielde geloof in ons roeping, ongeag die kans dat dit wel resultate sal oplewer, 'n rustige vasberadenheid op die juiste toekomsveg en 'n kritiese oog op alles wat op ons weg kom.*

4. BEDANKINGS

Vergun my asseblief enkele bedankings:

Aan God alle dank en eer vir die voorreg om juis aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys verbonde te kan wees — hier waar ons onbeskroomd ons Christenskap kan bely en uitleef, ook binne die lesinglokaal.

Meneer die Vise-Kanselier, deur u betuig ek my opregte dank en waardering aan die Raad van die PU vir CHO vir die vertroue in my gestel om die amp van Hoogleraar in die Sosiologie juis aan hierdie Universiteit te mag beklee.

Ek was bevoorreg om in 'n wetenskaptradisie te kon grootword wat in wese geensins van dié van die PU vir CHO verskil nie, want selfs die leuse van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat is: *IN DEO SAPIENTIAE LUX*, 'n Latynse belydenis dat: *IN GOD IS DIE LIG VAN WYSHEID*.

Aan die PU vir CHO waar ruimte vir my is om blymoedig en met oorgawe van hart en hand te mag saamwerk aan die uitbouing van die Christelike wetenskap, bely ons prontuit in Afrikaans: *IN U LIG SIEN ONS DIE LIG*. Hier beleef ek waarlik die gees van Christelike wetenskap.

Die PU vir CHO is weliswaar nie my Alma Mater nie, maar hierdie universiteit is vir my méér as Alma Mater.

Aan die Afdeling Organisasie en Eksamens: Mev. Mariaan van der Merwe en mnr. André Laas kry dit altyd reg om geleenthede soos hierdie werklik luisterryke plegtighede te maak.

Aanwesige personelede van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, kollegas van ander Fakulteite asook 'n kollega van die Universiteit van Vista wat 'n naweekaand opgeoffer het om hierdie aand vir my iets besonder te maak.

Kollegas in die Departement Sosiologie en Bedryfsosiologie, ook by die Vaaldriehoekskampus van die PU vir CHO. Woorde ontbreek om u vir kollegialiteit, ondersteuning, samewerking en vriendelikheid te bedank.

Ons gesin, familielede en vriende, van wie sommiges baie ver gereis het. U vereer my met u teenwoordigheid en maak dit saam met almal teenwoordig 'n feestelike geleentheid.

Aan elkeen wat op die een of ander wyse hulp met tikwerk en die maak van transparante verleen het.

Aan elkeen wat hulp met die verversings asook blommerangskikkings verleen het.

Ek dank u!

BRONNELYS

- BERGER, P.L. 1991. Social change and the vocation of sociologists. *South African Journal of Sociology*, 22(3):73–77.
- BERGER, P.L. & GODSELL, B. 1988. South Africa in comparative context. (In Berger, P.L. & Godsell, B., eds. A future South Africa: visions, strategies and realities. Cape Town : Human & Rousseau. p. 267–298.)
- CARLSON, D.E. 1980. Can sociology be Christian? (In De Santo, C.P., Redekop, C. & Smith-Hinds, W.L., eds. A reader in sociology: Christian perspectives. Scottsdale : Herald Press. p.125–134.)
- COETZEE, J.K. 1989a. A micro foundation as alternative for development thought. (In Coetzee, J.K., ed. Development is for people. Johannesburg : Southern. p.86–107.)
- COETZEE, J.K. 1989b. The quest for a more human society — a different sociology? Grahamstown : Rhodes University.
- DE KOCK, C.P. 1989. Sosiologie in Suid-Afrika: die toekoms. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 20(2):99–113.
- GROENEWALD, C.J. 1989. Die rol van die Sosiologie in die Suid-Afrikaanse samelewing: die verlede. *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Sosiologie*, 20(2):67–79.
- HARRIS, G. 1989. The sociology of development. New York : Longman.
- JOHNSON, D.P. 1981. Sociological theory: classical founders and contemporary perspectives. New York : Wiley.
- KAMMEYER, K.C.W. & GINN, H.L. 1986. An introduction to population. Chicago : Dorsey.
- KINLOCH, G.C. 1977. Sociological theory: its development and major paradigms. New York : McGraw-Hill.
- LYON, D. 1980. Social change and utopia: evaluating modernization, marxism and post-industrialism. (In De Santo, C.P., Redekop, C. & Smith-Hinds, W.L., eds. A reader in sociology: Christian perspectives. Scottsdale : Herald Press. p.665–690.)
- RIP, C.M. 1976. Sociology: images and expectations. *South African Journal of Sociology*, 13:1–6.
- RIP, C.M. 1977. Modernization or westernization. *South African Journal of Sociology*, 16:47–53.
- ROODE, C.D. 1969. Akademiker-sosioloog en gemeenskap. Bloemfontein : UOVS.
- ROODE, C.D. & VILJOEN, R.A. 1974. Inleiding tot die Sosiologie. Kaapstad : Balkema.

- STARK, R. 1987. Sociology. Belmont : Wadsworth.
- STRAUSS, J. 1967. Die Suid-Afrikaanse rasseverhoudinge. (*In* Van der Walt, J.A., Maritz, F.A. & Strauss, J. Rassesosiologie. Pretoria : Academica. p.74–103.)
- VAN DOORN, J.A.A. 1985. Het miskende pluralisme: een herformulering van het minderhedenvraagstuk. (*In* Weiland, J.S. & Paelinck, J.H.P., reds. Etnische minderheden: wetenschap en beleid. Amsterdam : Boom Meppel. p.67–92.)
- VAN RIESEN, H. 1957. De maatschappij der toekomst. Delft : Wever-Franeker.